| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2024 |
| **VAK** | AFRIKAANS HUISTAAL |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **PUNTETOTAAL** | 80 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 2½ |
| **AANTAL BLADSYE** | 35 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   **AFDELING A:** Gedigte (30)
   **AFDELING B:** Roman (25)
   **AFDELING C:** Drama (25)

3. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord. Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.

4. Beantwoord die vrae direk, bondig en relevant.

5. Beantwoord **VYF** vrae in totaal: **DRIE** uit **AFDELING A**, **EEN** uit **AFDELING B** en **EEN** uit **AFDELING C. OEFEN JOU KEUSES SOOS VOLG UIT**:

   **AFDELING A:** GEDIGTE
   GESIENE GEDIGTE – Beantwoord TWEE vrae.
   ONGESIENE GEDIG – Beantwoord die VERPLIGTE vraag
   **AFDELING B:** ROMAN – Beantwoord EEN vraag.
   **AFDELING C:** DRAMA – Beantwoord EEN vraag.

6. **KEUSE VAN VRAE VIR AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)**

   - Beantwoord **EEN OPSTELVRAAG** en **EEN KONTEKSTUELE VRAAG**.
   - As jy die literêre opstel in **AFDELING B** beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in **AFDELING C** beantwoord.
   - As jy die kontekstuele vraag in **AFDELING B** beantwoord, moet jy die opstelvraag in **AFDELING C** beantwoord.
   - Gebruik die kontrolelys om jou met die korrekte keuse te help.
   - Omkring die vrae wat jy beantwoord op die voorblad van jou antwoordboek.

7. **LENGTE VAN ANTWOORDE**

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250 tot 300 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400 tot 450 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word bepaal deur die puntetoekenning van elke vraag. Beantwoord die vrae direk.

8. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

9. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel van hierdie vraestel.

10. Beantwoord **ELKE** afdeling op ʼn **NUWE BLADSY**.

11. Voorgestelde tydsindeling:

**AFDELING A:** ongeveer 40 minute
**AFDELING B:** ongeveer 55 minute
**AFDELING C:** ongeveer 55 minute

12. Skryf netjies en leesbaar in **BLOU** ink.

13. Hierdie bladsy sal jou help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees:

| **AFDELING A: GEDIGTE**<br>**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | | **VRAAG** | **PUNTE** | **BLADSY** |
| 1. | *Elegie vir 'n vriend* – Johan Steyn | Opstelvraag | 10 | 5 |
| 2. | *Susan Boyle* – Kobus Grobler | Opstelvraag | 10 | 6 |
| 3. | *My mamma is bossies* – Jeanne Goosen | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| 4. | *as dit reën in die boesmanland* – Elias P. Nel | Kontekstuele vraag | 10 | 8 |
| 5. | *27 april 1994* – Vincent Oliphant | Kontekstuele vraag | 10 | 9 |
| 6. | *Die bokser* – Ernst van Heerden | Kontekstuele vraag | 10 | 10 |
| **EN** | | | | |
| **Ongesiene gedig: VERPLIGTE vraag** | | | | |
| 7. | *By gebrek aan 'n tuin* – Theunis C.C. Lombard | Kontekstuele vraag | 10 | 12 |
| **AFDELING B: ROMAN**<br>**Beantwoord EEN vraag.*** | | | | |
| 8. | *Skoenlapper* – Irma Venter | Opstelvraag | 25 | 14 |
| 9. | *Skoenlapper* – Irma Venter | Kontekstuele vraag | 25 | 14 |
| 10. | *Donker Web* – Fanie Viljoen | Opstelvraag | 25 | 17 |
| 11. | *Donker Web* – Fanie Viljoen | Kontekstuele vraag | 25 | 17 |
| 12. | *Onderwêreld* – Fanie Viljoen | Opstelvraag | 25 | 20 |

© SACAI KOPIEREG

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 13. | *Onderwêreld* – Fanie Viljoen | Kontekstuele vraag | 25 | 20 |
| 14. | *Branderjaer* – Joha van Dyk | Opstelvraag | 25 | 23 |
| 15. | *Branderjaer* – Joha van Dyk | Kontekstuele vraag | 25 | 23 |

| **AFDELING C: DRAMA**<br>**Beantwoord EEN vraag.*** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 16. | *Mis* – Reza de Wet | Opstelvraag | 25 | 26 |
| 17. | *Mis* – Reza de Wet | Kontekstuele vraag | 25 | 26 |
| 18. | *Krismis Van Map Jacobs* – Adam Small | Opstelvraag | 25 | 29 |
| 19. | *Krismis Van Map Jacobs* – Adam Small | Kontekstuele vraag | 25 | 29 |
| 20. | *My Japan* – Schalk Schoombie | Opstelvraag | 25 | 32 |
| 21. | *My Japan* – Schalk Schoombie | Kontekstuele vraag | 25 | 32 |
| ***LET WEL:** Beantwoord **EEN OPSTELVRAAG** en **EEN KONTEKSTUELE VRAAG** in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik. | | | | |

| **KONTROLELYS** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy al die nodige vrae beantwoord het. | | | | |
| | **AFDELING** | **VRAAGNOMMER** | **GETAL VRAE BEANTWOORD** | **MERK √** |
| A: | Gedigte<br>(Voorgeskrewe gedigte) | 1–6 | 2 | |
| A: | Gedigte<br>(Ongesiene gedig) | 7 | 1 | |
| B: | Roman<br>(Opstel of kontekstueel) | 8–15 | 1 | |
| C: | Drama<br>(Opstel of kontekstueel) | 16–21 | 1 | |
| **LET WEL:** Beantwoord **EEN OPSTELVRAAG** en **EEN KONTEKSTUELE VRAAG** IN AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik. | | | | |

# AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord <u>ENIGE TWEE</u> vrae.

### VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

***Elegie vir ’n vriend* – Johan Steyn**

Die middag is ’n sesmaal
kreupel stappie,
gelate glimlag tussenin.

Vroegaand is ’n koue bord,
mes en vurk ver van mekaar,
gestrikte servet,

Die nanag is ’n kras
van siellose viniel,
onaangeraakte kraffie wyn.

Die oggend is verbleikte tekens
tastend teen ’n muur,
’n klokslag sonder uur.

[Bron uit: *Geboorte is ’n ongerief*, 2007]

*Elegie vir ’n vriend* handel nie slegs oor die oorledene nie, maar beeld ook die leemte wat die agtergeblewene ervaar, uit.

Bespreek die stelling in ’n literêre opstel van 200 tot 250 woorde. **[10]**

**OF**

## VRAAG 2: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**_Susan Boyle_ – Kobus Grobler**

daar staan jy inskrywing 43212
voor die pilatusse van Britain’s got talent
aangeja soos ’n skaap
miserabel vaal in die lig verguis
die monobrou en die kapsel raam
jou vertelsel van n klein Nasaret
Simon spot, skares jou uit:
jy is die grap van die jaar

met die eerste woorde van I dreamed a dream
het jy vanuit vernederende vooroordeel
hulle en miljoene ander op YouTube
in ongeloof laat aanskou
hoe jy jare se troeteltalent
aan die hele wêreld skenk

[Bron uit: *Toulopers*, 2011]

Bespreek die karakterisering van Susan Boyle as individu asook die karakterisering van anonimiteit in hierdie gedig in ’n opstel van 200 tot 250 woorde. **[10]**

**OF**

**VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

***My mamma is bossies* – Jeanne Goosen**

My mamma is bossies
uit haar een oog huil sy Puccini
uit die ander oog betig sy my
Snags kweel sy: Bedaar, my kind, bedaar
môore kry jy van soetpap en melk

My mamma is bossies
*la sona molto felice*, sing sy
en pak haar kaarte uit
Hoe mooi is sy nie
sy met haar hare soos pruimedante
my bossiesma met haar taai drome
en onverwagte uitgelatenheid.

My mamma is bossies
Sy is dood nou
ingeweef in die familietapisserie
Sy jaag haar ganse strandlangs
met 'n dun swepie aan
Sy draai om, sien my
my agterstevoorkind, sê sy
mag dit goed gaan met jou

[Bron uit: *Elders aan diens*, 2008]

3.1 Verduidelik die algemene betekenis van die uitdrukking "iemand is bossies" EN noem die ma se karaktereienskap waarna die spreker eintlik verwys. (2)

3.2 In reël 2 en 3 word daar simbolies na die ma se oë verwys. Watter TWEE kontrasterende aspekte van die ma se karakter word hierdeur uitgebeeld? (1)

3.3 "*la sona molto felice*" (Reël 7)
Watter EEN woord uit strofe 1 sluit by hierdie aanhaling aan?
Dit is duidelik dat die spreker se ma van Italiaanse opera hou. Lewer kommentaar oor hoe die spreker haar ma se liefde vir musiek verder in die gedig uitbeeld. (2)

3.4 3.4.1 Bespreek die konnotatiewe en denotatiewe betekenis van reël 8. Na watter onkonvensionele optrede van die ma kan die denotatiewe betekenis verwys? (3)

3.4.2 Watter EEN woord uit die gedig wys daarop dat die spreker dieselfde persoonlikheidsaspekte as sy/haar ma het? (1)

3.5 Dui hierdie gedig op 'n goeie verhouding tussen die spreker en die ma? Motiveer jou antwoord. (1)

**[10]**

**OF**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

***as dit reën in die boesmanland* – Elias P. Nel**

verby brandvlei op pad na verneukpan
waai boesmangras wuiwend
met withande
in ekstase oor die druppels
wat nou sy wortels voed
driedoringbos staan parmantig uitgedos
sy verslete vaalswart jas verruil
vir donkergroen pels met
pienkgeel blommotief
!xthoba steek vetgeswelde
lowergroen vingers uitdagend in die lug
aan elk vinger pryk
'n pienk blomring

… in verneukpan
begroet vaal roukleisteen huisies jou
wanneer sal ook hulle
soos driedoring en !xthoba blom?

[Bron uit: *Bek sonner brieke*, 2011]

4.1 4.1.1 Haal 'n woord uit die titel aan wat daarop dui dat dit nie gereeld reën nie. (1)

4.1.2 Noem TWEE ooreenkomste tussen die driedoringbos en die !xthoba nádat dit wél gereën het. (2)

4.2 "waai boesmangras wuiwend met withande" (Reël 2 en 3)
Identifiseer en bespreek 'n stylfiguur wat in hierdie beskrywing voorkom. (2)

4.3 Bespreek die funksie van die ellips in reël 14 asook die daaropvolgende ironie in reël 15. Watter kontrasterende emosies vind ons vóór en ná die ellips? (3)

4.4 Bespreek die suksesvolle gebruik van kontras in die gedig met behulp van ’n voorbeeld uit die gedig. (2)

**[10]**

**OF**

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

***27 april 1994*** **– Vincent Oliphant**

uiteindelik vou ek die verlede toe
knyp sy vlerk tussen duim en vinger vas
tot hy veilig deur ’n gleuf in die geskiedenis glip
en anderkant
wonderbaarlik
vry
die duif van vrede sy blou vlerke sprei

sodat my nuutgebore stem na woorde smag
om ’n lied vir my land
soos ’n vlag aan die tong te laat sweef
bo die geruislose val van skanse van die vel

sodat ek vry uit die vervreemding tree
om in die oë van vergetenes en langverlorenes
uiteindelik myself te kan sien
soos iemand wat ek nooit geken het nie

om aan hulle die hand te gee
en te voel hoe vlees en vlees ontmoet

want een lyn van bloed loop deur die eeue
loop deur die ganse geskiedenis
loop deur elke uithoek van die land
loop deur my en loop deur jou
van Genesis tot nou

[Bron uit: *Die sagte vlees*, 1998]

5.1 Waarom is die datum in die titel van soveel belang? (1)

5.2 Watter stylfiguur word in reël 6 gebruik? Verduidelik hoe hierdie stylfiguur die titel van die gedig uitlig. (2)

5.3 Bespreek die denotatiewe asook die konnotatiewe betekenis van die frase "my nuutgebore stem". (Reël 8) (2)

5.4 Wie word in reël 21 aangespreek? Gee slegs EEN woord. (1)

5.5 Die v-alliterasie word deurgaans in die gedig gebruik. Bespreek die funksie van hierdie herhalende klankverskynsel. (1)

5.6 Bespreek die gepastheid van strofe 4 wat slegs oor 2 reëls beskik. (1)

5.7 Noem EEN woord uit die gedig wat op intertekstualiteit dui en lewer kommentaar oor die spreker se gebruik van hiérdie spesifieke verwysing na die interteks. (2)

**[10]**

**OF**

## VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

***Die bokser* – Ernst van Heerden**

Die grense van die klein kryt
is hellende onvastigheid,

waar wit bors fier teen wit bors staan
en skim teen skim die skynhou slaan;

die lyf word wieging – ritmies, sterk –
tot skerm en liemaak ingeperk;

vier donker oë blits fel en woes,
wyl twee gedaantes mik en koes;

maar elk groteske vuis se smak
laat lis en weerstand verder knak …

die liggaam is so rank gebou
en weerloos teen dié man se hou;

tog sal my mokerslag hom tref
waar hy hom vaag en grynsend hef,

sy beeld versplinter in die glas
waar netnou my gestalte was;

’n flikker-weerskyn word verskerf,
’n lyf stort soos ’n koring-gerf …

Wie is die man wat roerloos lê,
wie’t ’n bekende naam gesê?

Waarom die skaar aan’t roep en fluit,
en waarom flakker ligte uit …?

[Bron uit: *Verklaarde nag,* 1946]

6.1 Waarna verwys die bokser en die geveg (figuurlik) in hierdie gedig? (1)

6.2 Bewys uit reëls 1 tot 6 dat daar twee karakters in hierdie geveg is. (1)

6.3 Haal EEN woord uit die gedig aan wat in direkte kontras met “fier” staan. (Reël 3) (1)

6.4 Haal ’n frase uit die gedig aan wat reëls, regulasies en die beperkings van die lewe simboliseer. (1)

6.5 Verduidelik die personifikasie wat in strofe 6 voorkom deur te verwys na die tema van die gedig. (2)

6.6 Bespreek die denotatiewe en konnotatiewe betekenis van “flakker ligte uit” in reël 22. (2)

6.7 Lewer kommentaar oor die bokser se toestand in reëls 4, 13 en 19 EN verduidelik die boodskap wat hierdeur uitgebeeld word. (2)

**[10]**

**EN**

**ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

***By gebrek aan ’n tuin* – Theunis C.C. Lombard**

by gebrek aan ’n tuin,
laat my dae altyd dagbreek
oopgaan
in my woonstelvensters
in die badkamergeur;
skeerroom en luxtoiletsoap:

my dae
gebaken met kruisstrate
stopstrate
en dae rooi-geel-groen
robotproklamasies

my dae
met kantoorneuroses
histeriese telefone
en inkopiesentrums
met die-soveel-rand-99-sent-
behoeftes

dae
met die deurdringende sirenes
en die flitsende ligte
van ambulanse
die filantropiese gebaar van verkeer

dae
met alle uitstalvensters en hulle handelsware
en reklameboodskappe beklink in neons
die bankrotskap agter die begeerte

en dae
O.K.-basaars en nogmaals basaars
en chroniese uitverkopings

... bid ek Here,
bid ek
by gebrek aan ’n tuin;
my woonstelvensters

© SACAI KOPIEREG

Blaai asb. om

altyd vol spikkelsterre snags
en laat die bries
boepens agter die gordyne staan
asseblief

[Bron uit: *Beelde uit die Agterland,* 1968]

7.1 Hoekom het die spreker nie 'n tuin nie? (1)

7.2 "en dae rooi-geel-groen robotproklamasies" (Reël 10 en 11)
Verduidelik die funksie van die koppeltekens binne die konteks van die gedig. (1)

7.3 Noem 'n toepaslike rede hoekom die spreker nie vreugde by sy/haar werk vind nie. (1)

7.4 Wat word deur die volgorde van die woorde in reëls 7, 12, 18, 23, 27 gesuggereer? (1)

7.5 Bespreek hoe die stemming in strofes 2 tot 6 met die stemming van strofe 7 verskil EN noem die tegniek wat die digter gebruik om hierdie verandering van stemming aan te dui. (2)

7.6 Verduidelik in jou eie woorde waarvoor die spreker bid EN gee EEN woord vir reël 37 wat in hierdie konteks dieselfde sal beteken. (3)

7.7 As jý in die spreker se skoene was, sou jy vir dieselfde gebid het? Motiveer jou antwoord. (1)

**[10]**

## TOTAAL AFDELING A: [30]

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

***Skoenlapper* – Irma Venter**

**VRAAG 8: *SKOENLAPPER* LITERÊRE OPSTEL**

In die roman *Skoenlapper* word belangrike karaktereienskappe openbaar wanneer daar konflik tussen die karakters plaasvind. Skryf 'n opstel van 400 tot 450 woorde waarin dié stelling bespreek word. **[25]**

**OF**

**VRAAG 9: *SKOENLAPPER* KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

Die probleem is net dat my opsies min begin raak. Ek kan aan nog net een dink. In plaas van hier sit en spoke opjaag, kan ek wag dat die spoke na my toe kom, soos altyd. Vir nog een laaste keer.

"Wat is dit hierdie?" Hadhi wys na die voordeurfoto's teen my yskas.

"Net wat dit is."

"Hoekom?"

"Lang storie." Ek gee gee vir haar 'n mes en vurk aan. "Kos is reg." Ek beduie na die bank. "Gaan ons sommer daar sit?"

Hadhi vat haar bord bobotie en gaan sit. Sy proe versigtig aan die maalvleis. "Heerlik."

"My ma se resep, alhoewel ek bietjie moes improviseer."

"Ek onthou. Jy belowe al maande lank om my te laat proe."

"Ja, jammer daaroor."

Haar mes en vurk word skielik stil. "As dit nou uiteindelik gebeur, beteken dit seker jy's op pad."

Ek kou. Sluk. Wat moet ek sê?

"Jy's reg."

"Wanneer?"

"Ek weet nog nie presies nie."

Sy wys na die foto's op die yskas. "Die inbraak. Het dit iets daarmee te doen?"

"Dit het alles daarmee te doen."

Ek gaan slaap die aand soos iemand wat vir niks bang is nie. Soos iemand wat 'n plan het. Iemand wat die moed het om oor te begin. Ek val op die bed neer, maak my oë toe en slaap.

> Toe ek wakker word, is my kop helder en my lyf uitgerus.
> Ek moet begin pak. Waarheen sal ek gaan? Miskien Australië.
> Of iewers kleiner. Peru. Noord-Kanada. Nuwe naam. Nuwe werk.

9.1 Op watter wyse dra die foto's van Ranna se voordeur by tot die uiteindelike ontknoping van die verhaal? (3)

9.2 Motiveer waarom die volgende stelling ONWAAR is.

*Ranna het alle bande met haar Suid-Afrikaanse wortels verbreek.* (1)

9.3 Wat beteken Ranna se woorde in reël 23 as die res van die gesprek in ag geneem word? (2)

9.4 Voltooi die volgende stelling:

Die spasie ná reël 23 suggereer … (1)

9.5 Op watter wyse vind karakterbeelding van Ranna in reël 12 plaas? (1)

9.6 Ranna het vroeër baie gesukkel om te slaap, maar hier maak sy haar oë toe en slaap.

9.6.1 Hoekom het sy, as volwassene, gesukkel om te slaap? (1)

9.6.2 Waarom kan sy nóú so maklik aan die slaap raak? (1)

9.7 Watter tegniek gebruik die skrywer om Ranna se ongemak in die uittreksel uit te beeld EN wat is die effek daarvan? (2)

**EN**

**TEKS B**

> My ma skud haar kop en vee oor die rok met die rooi en donkergroen en mosterd. "Jy moet dors wees. Kom binne, dan maak ek tee. Alex sal jou wys waar jy slaap. Dis in die studeerkamer, ek hoop nie jy gee om nie."
>
> "Kom." Ek beduie met my kop die gang af.
>
> "Waarheen?" Ranna staan met 'n opgevoude t-hemp in haar hand langs die enkelbed in die studeerkamer.
>
> "Ons gaan sit Dettol op jou hande, voor jy uitpak."
>
> Sy betrag haar linkerhand, en hou dit op vir my om te inspekteer. "Hand. Enkelvoud. Dink jy ek het 'n pleister nodig?"
>
> Die rooi haal lê regoor haar palm, langs die litteken wat die glas

in Dar gelaat het. "Ek dink so. Dis geroeste doringdraad. En as jy mooi vra, sal ek vir jou Pooh-pleisters opsit."

"Pooh? Soos in Winnie?"

"My ma hou dit byderhand vir die plaaswerkers se kinders. Hulle kom kuier gereeld vir haar."

"Dis 'n oulike idee." Ranna staar ingedagte na haar beseerde hand. "Sy lyk na 'n goeie vrou. En sy's baie lief vir jou."

"Nie lief genoeg om hom te los nie." Die woorde is uit voor ek dit kan keer.

Ranna sit die t-hemp neer, maar bly daarna staar. "Soms sien mens net wat jy het. Dis moeilik om te dink dit kan anders wees. Beter wees."

9.8 " ... langs die litteken wat die glas in Dar gelaat het." (Reël 11 en 12) Verduidelik die omstandighede wat daartoe gelei het dat Ranna haar hand gesny het. (2)

9.9 Waarom kan reël 15 as ironies beskou word? (1)

9.10 Benoem die tipe verteller in die uittreksel EN gee EEN nadeel van dié tipe verteller. (2)

9.11 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die letter neer.

Alex se verhouding met sy pa is ...

A stram.

B gemoedelik.

C ontspanne.

D gul. (1)

9.12 Lees weer reël 19 en 20. Hoekom sou Alex hierdie woorde wou keer? Hoekom, dink jy, kan hy dit nie nou keer nie? (2)

9.13 Alex wil hê sy ma moet sy pa los, want hy mishandel en slaan haar (Reël 19). Dink jy dit is so maklik soos wat dit klink? Motiveer jou antwoord. (2)

9.14 Watter gebeurtenis word as die klimaks van hierdie roman beskou? Dink jy Alex en Ranna het reg opgetree? Sou jy ook so opgetree het? (3)

**[25]**

***Donker Web* – Fanie Viljoen**

## VRAAG 10: *DONKER WEB* LITERÊRE OPSTEL

Konflik speel 'n integrale rol in enige roman. Skryf 'n opstel van 400 tot 450 woorde waarin jy die innerlike en uiterlike konflik van Oom Dirk, Plank, Xander en Tom, asook die effek wat hierdie konflikte op Greg gehad het, bespreek. **[25]**

**OF**

## VRAAG 11: *DONKER WEB* KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS C

Dis soos monsters wat die huis binnegekom het.

Die angs wel steeds hoër in hom op. Pols deur sy brein. Sy mond is droog.

"Naand, kan ek julle help?" vra sy pa uit die voorportaal, waar die lig sag gloei. Sy stem is gespanne, dof, asof hy uit 'n bodemlose diepte praat.

Dan hoor Xander die vuishou, sien in die rukkende skaduwee teen die muur hoe sy pa inmekaarsak.

Dis hoe vrees voel: *Vuur blits deur jou lyf, elke senuwee ruk wakker, adrenalien gooi jou gedagtes in snelrat, jou oë sper oop, jou asemhaling hou op en jou borsholte pers saam. En jy hoor dit - jou eie hart. Klop. Klop. Klop.*

* * *

<html>
<body>

<h><b>Recovery drive</b></h>

<p>Enige media, soos byvoorbeeld 'n geheuestokkie, wat 'n rugsteun bevat van die oorspronklike fabrieksopstelling van 'n rekenaar. Dit word gebruik om 'n bedryfsisteem te herstel na 'n rekenaarstaking of die korrupsie of skrapping van data.</p>

</body>
</html>

* * *

<h1>Skree</h1>

*Greg Owen is oorlede. 'n Span duikers het sy liggaam gister uit*

> *die Canale Grande in Venesië gehaal.*
>
> Dis wat die koerante in die Turret Media-groep oor my berig.
>
> Greg Owen is dood.
>
> Kan dit waar wees, ná alles wat gebeur het? Miskien is daar meer aan die storie.
>
> Ja, ek was in Venesië, waar die hoofkanaal soos ’n reuseslang deur die stad kronkel, en ja, iemand is uit die donker water gehaal. Maar ander mense was saam met my daar. Ons was vyf.
>
> Een van hulle is dood.
>
> Hierdie is ons storie.
>
> Dis hoe dit begin.

11.1 Dink terug aan die begin van die roman.

11.1.1 Waarheen vertrek Greg EN haal EEN woord uit reëls 15 tot 20 aan om te wys dat dit voordelig vir Greg is om van die huis weg te kom. (2)

11.1.2 Watter sin in reëls 9 tot 14 impliseer dat Greg deur ’n moeilike tyd gegaan het voor hierdie vertrek? (1)

11.1.3 Greg wil wegtrek om dit wat met hom gebeur het te vergeet. Watter DRIE OPEENVOLGENDE woorde uit reëls 16 tot 20 motiveer hierdie stelling? (1)

11.2 Verwys na reëls 15 tot 23.

11.2.1 Wat is hoofstuk 1 se opskrif? (1)

11.2.2 Wat kan jy uit die opskrif aflei? (1)

11.2.3 Lees reëls 24 tot 28 en verduidelik hoe die opskrif hierdie inligting beklemtoon. (1)

11.3 “Greg Owen is dood.
Kan dit waar wees, ná alles wat gebeur het?” (Reëls 28 en 29)

11.3.1 Watter emosie word deur hierdie woorde uitgebeeld? (1)

11.3.2 Beskryf die situasie waarin Greg sterwend was EN verduidelik hoe hy oorleef het. (2)

11.4 Lees reël 33. Noem enige 3 van die vyf mense wat in die groep was. (3)

11.5 Watter stemming skep die uittreksel EN hoekom dink jy het die skrywer die eerste hoofstuk op hierdie wyse geskryf? (2)

**EN**

**TEKS D**

Ek swaai by my woonstelkompleks in, parkeer, gryp die pizza en snel verby sekuriteit met die trappe op. Xander se gedokterde foto lê veilig op my selfoon. Ek gaan dit sommer nou vir hom stuur.

My sleutel knars in die slot. Maar dan sien ek die deur is alreeds oop.

Nie weer dit nie!  skok die gedagte in my. Ek is seker ek het dit gesluit.

Behoedsaam druk ek die deur oop.
Stap sag binne. Sit die pizzaboks op die kombuistoonbank terwyl my oë oor die woonstel vee.

Dan hoor ek ’n geluid. Dit kom uit die badkamer.

Uit die kombuislaai kry ek die slagtersmes. Klem dit stewig in my hand vas.

My asemhaling kom hortend. Spanning trek die spiere in my rug saam. Nader aan die badkamer.

Weer is daar ’n geluid. Ek kan dit nie lekker uitmaak nie. Dis so ’n effense kreun.

Nog nader sluip ek met die mes. Ek weet wat met Tom gebeur het. Dit gaan nie met my gebeur nie. Eintlik moet ek sekuriteit gaan roep. Dis immers waarvoor hulle betaal word, maar net toe ek wil omdraai, trek ’n bebloede hand die badkamerdeur voor my oop.

Ek lig my mes.

“Wadde hel, ou?” roep Plank. Dit lyk of hy weer op ’n trip is.

Ek staar in ongeloof na hom. Bloed vlek sy T-hemp se voorkant. Oor sy broek streep nog bloed wat langs sy arm afstroom. Hy klem sy hand vas.

"Plank, wat gaan aan?"

Sy oë dobber soos ’n bootjie op die see. “Dude, ek dink ek is nou ’n cyborg.”

Dan eers verstaan ek.

11.6 Verduidelik waarom Greg ’n gedokterde foto het EN waarom Greg soveel moeite gedoen het om ’n foto aan Xander te verskaf. (3)

11.7 Watter tegniek word in reëls 9 tot 18 gebruik om spanning te skep? (1)

11.8 Waarom is Greg die heeltyd so gespanne? (1)

11.9 Hoekom is Plank vol bloed EN watter woord in TEKS D vertel dadelik vir die leser wat Plank aangevang het? (2)

© SACAI KOPIEREG

11.10 Hoe voel jy, as die leser, oor Plank se dood? Stem jy saam met die skrywer se besluit om Plank te laat sterf? Motiveer jou antwoord. (2)

11.11 As jy die storielyn kon verander, hoe sou jy die roman laat eindig? (1)

**[25]**

***Onderwêreld* – Fanie Viljoen**

## VRAAG 12: *ONDERWÊRELD* LITERÊRE OPSTEL

Die mens is die produk van sy omstandighede. Bespreek in ’n opstel van 400 tot 450 woorde hoe die milieu in sy ouerhuis én by Lawson College Greg beïnvloed het. **[25]**

**OF**

## VRAAG 13: *ONDERWÊRELD* KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**

Ek sit net af na die trap toe, toe ek ’n vreemde gesig tussen die ander ouens raaksien. Donkerkop, ongeskeer. Strak gesig. Sy oë kyk ’n oomblik lank na my van onder sy donker wenkbroue, flits dan weer weg. Hy stap af met die gang. Oor sy skouer hang daar ’n laptopsak. In een hand hou hy ’n stuk gevoude papier en ’n sportsak vas, in die ander ’n tas.

En ek kan dit sommer ruik: ’n nuweling. Kan jy nou meer? In ons laaste jaar. <u>Sy pa moet connections uit ’n ander wêreld hê</u>.

“Is jy seker jy is op die regte vloer?” vra ek toe ek hom inhaal.

“Ek kan tel,” sê hy, terwyl sy oë ’n oomblik lank op my vasgenael bly. Moeilikheid, sien ek. Hierdie ou soek moeilikheid.

“Ja, maar kan jy tot vyf tel? Hierdie vloer is net vir Matrieks.”

“Zero’s en One’s is al wat jy nodig het,” sê hy.

Ek frons, weet nie wat hy bedoel nie. Ek kan sien hy weet dit.

“Wie’s jy?” vra ek.

Hy bly ’n oomblik stil en kyk my net aan, sê dan: “Eckardt. My naam is Eckardt.” Toe draai hy om en loop verder die gang af.

Hy kan nou wegloop, dink ek, maar ons sal mekaar weer sien. Dalk nog later vanmiddag. Hy moet nie dink hy kan hier aankom met ’n houding nie. Ek en ’n paar van my pelle sal hom gou uitsort. Nes ons die graadagts gaan uitsort. Hardegat word sagtegat.

13.1 In watter skool se koshuis speel hierdie toneel af? (1)

13.2 Haal ‘n voorbeeld van ’n hiperbool uit reëls 3 tot 6 aan. (1)

13.3 Waarna verwys “Zero's en One's”? (Reël 12) (1)

13.4 Watter emosie ervaar Greg in reël 6 en die eerste deel van reël 7? Waarom, dink jy, is Greg se gevoel gepas? (2)

13.5 Wat word deur Greg se gedagtes in reël 7 geïmpliseer? Verduidelik hoe hierdie woorde ’n ander betekenis kry soos die storielyn ontwikkel. (2)

13.6 Motiveer waarom die volgende stelling ONWAAR is.
*Eckardt is ’n nuweling en voel geïntimideerd deur Greg.* (1)

13.7 Verduidelik hoe die woorde in reël 10 waar geword het. (2)

13.8 Die laaste sin in TEKS E is vir Eckardt bedoel, maar hoe is dit ook op Greg van toepassing? (1)

**EN**

**TEKS F**

*Ek het ’n program gebruik wat mens sommer in ’n winkel sal kan koop. Met ’n bietjie modification, het ek dit reggekry dat die user aan die ander kant nie eens sal sien as ek op sy system werk nie. En die beste van alles – omdat die program vir alledaagse gebruik gemaak is, sal ’n virus-program dit ook nie uitvang nie. Dit is klein genoeg om te mail aan ’n gebruiker. En dit install sonder dat hulle dit agterkom.*

Dissit!

As ek by Dok se rekenaar wil uitkom, moet ek ’n RAT daarop in-stall. Dit sal onmoontlik wees om net by sy kantoor in te stap en dit te doen, maar daar is ’n ander manier … My hart begin sommer vinniger klop … Social engineering!

Ek kyk op my horlosie. Dis nou net ná twee. Die skool se PA’s werk tot vieruur. Twee ure om die RAT op Dok se rekenaar te kry.

Ek kry my selfoon en ’n skoolbrosjure wat al die telefoonnommers op het.

My oë gly oor die lys. Wie sal ek bel? Ah!

Die eerste oproep.

Joan Gibbs antwoord: “Goeiemiddag, Lawson Kollege. Doktor Pie-naar se kantoor.”

“Goeiemiddag, mevrou,” sê ek, “meneer Cloete hier. Ek moet vir Dok kom spreek oor iets. Vanmiddag nog. Ek hoor hy is weer môre op

pad Johannesburg toe." Dis wat in Joan se dagboek gestaan het.
"Dis korrek." Joan klink heel saaklik.
"Watter tye sal hy op kantoor wees?"

13.9 Wie is Joan? (1)

13.10 Greg lees 'n blog om meer oor 'n sekere program te leer.

13.10.1 Gee die blogger se naam en noem sy regte naam. (2)

13.10.2 Verduidelik waarom Greg in hierdie program belangstel. (2)

13.11 Beskryf social engineering. Hoekom besluit Greg om in TEKS F van social engineering gebruik te maak en hoe word Joan en Greg slagoffers daarvan? (4)

13.12 Wat is die verband tussen die Butcher in die Nursery Rhyme Project en Eckardt se pa? (1)

13.13 Dink jy Eckardt het sy uiteindelike doelwit met die Owen-gesin en Dok Pienaar bereik? (2)

13.14 Herlees reël 12 van TEKS E en reël 9 van TEKS F.
Bespreek hoe hierdie 2 reëls by mekaar aansluit. (2)

**[25]**

***Branderjaer* – Joha van Dyk**

**VRAAG 14: *BRANDERJAER* LITERÊRE OPSTEL**

Bespreek in ’n opstel van 400 tot 450 woorde die simboliek wat op die voor- en agterblad van die roman verskyn en hoe dit op die Branderjaers van toepassing is. Verwys spesifiek na die see, die branders, die branderplank, water en die kleure in die lug. **[25]**

**VRAAG 15: *BRANDERJAER* KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS G**

Louw spoeg teen die kant van die arena en sy oë glip oor die glimmende doringdraad wat vir hom gewag het as hy net-net stadiger was. Hy draai sy kop en kyk op na sy opponent met die arendsvlerke oor sy bors getatoeëer. Verby Beast sien Louw die Kringmakers in al hulle glorie – fancy dasse en whiskeyglase, beursies vol note. Hulle gaste lag wanneer hulle afkyk na die arena; hulle’s veronderstel om te wen vanaand. Of Boss vir die fighters die regte orders gegee het is natuurlik ’n ope vraag. Louw weet net wat hy weet.

Hy moet vanaand verloor.

**[ON YOUR FEET, MOVE TO STAGE LEFT]**

Hy stoot homself op sy voete en rol sy skouers. As hy Ben was, sou hy begin aanval het – Ben sou in hierdie ou vasneuk en nie ophou tot een van hulle val nie. Ben staan langs Jak, sy arms gekruis, wenkbroue gespanne saamgetrek. Jak sou Beast se bewegings vooraf kon uitfigure en hom voorspring. Malherbe sou meer takties jab tot hy ’n swakpunt kry. Ellis sou op sy voete bly, vinnig, maar nie so vinnig soos Jak nie. Op hierdie stadium moet Louw besluit hoe hy wil verloor. Teen die doringdraad? Of met ’n vuis, of moontlik ’n voet in sy gesig?

Hy loer weer na die doringdraad, sien Jak se peinsende blik en neem sy besluit. Jak sou gaan vir die doringdraad – enigiets om sy gesig skoon te hou vir sy ma.

Louw het niks om te verloor nie.

15.1 Watter gebeurtenis speel in TEKS G af? (1)

15.2 Wat is Louw se naam onder die Branderjaers? (1)

© SACAI KOPIEREG

15.3 Wie is Beast en wat word deur sy bynaam gesuggereer? (2)

15.4 Verwys na reëls 5 tot 8.

15.4.1 Verduidelik hoe die rol van die Kringmakers met dié van die Rotte verskil. (1)

15.4.2 Vind TWEE verwysings in die teks wat verduidelik hoekom die Kringmakers se gaste nie bekommerd lyk nie en brei verder daarop uit. (2)

15.5 Wie is Boss en wat openbaar Louw se gedagtes in reël 8 en 9 ten opsigte van Boss se betroubaarheid? (2)

15.6 Herlees reël 13 en 14.
Lewer kritiese kommentaar oor die funksie van die neweteks (reël 12) wat gewoonlik in 'n drama voorkom en hoe hierdie twee reëls Louw se situasie uitbeeld. (2)

15.7 Herlees reëls 13 tot 19.

15.7.1 Watter karakteriseringstegniek word in hierdie uittreksel gebruik om meer inligting van die Branderjaers aan die leser oor te dra? (1)

15.7.2 Verduidelik in jou eie woorde wat die leser in hierdie uittreksel aangaande Ben en Jak leer. (2)

**EN**

**TEKS H**

"Die gety het gedraai, die water het begin stoot, maar ons het in die rif vasgesteek. Jak het ingeduik om die anker los te trek, maar hy kom nie, die stroom was te sterk. Dis toe dat Frederik daar aankom."

Deidre se vingers grawe in die sand.

**[REMEMBER BREATHING TECHNIQUES. NO ONE LIKES A BREATHY ACTOR]**

"Hy was 'n briljante swemmer. Dit was amper te maklik vir hom om by Jak uit te kom. Maar om 'n veertienjarige seun saam te sleep deur die branders ... Toe hy by die boot kom met Jak, was hy uitgeput. Hy was slim, hy't beter as ons geweet."

"Sny die tou," hyg hy.

"Wat?"

"Sny die anker af!" Nog 'n brander spat teen die boot en Ben val amper oor die kant. "Bly daar, Ben! Hou so, dat die gewig ge-

balanseerd is."

Jak hoes sy longe uit teen die kant, maar ek fokus op Frederik, my oë groot.

"Waarvoor wag jy? Julle't 'n mes saamgebring, nè?" Knikke. "Wel, sny dit af. Vinnig!"

"Ons kan nie! Ek ... my pa-" Ek hap na lug, my hart voel of dit deur my lyf gaan ruk.

Frederik hou my dop asof hy somme maak. Hy't al vis by ons gekoop. Sy ma gee soms vir my ma oorskietverf van haar kunsklasse. Hy's altyd die een wat dit kom afgee, altyd nice met grappies waarvoor Pa nooit lag nie. Sy oë settle op my arm, selfbewus trek ek aan my hemp sodat die blou kolle nie wys nie.

15.8 Wat is Frederik se van en wat het met hom gebeur? (2)

15.9 Verduidelik hoekom die tikskrif van reëls 13 tot 28 verskil van dié van reëls 1 tot 12. (1)

15.10 "Sny die anker af!" (Reël 15)

15.10.1 Hoekom wou Frederik hê dat die seuns die anker moes afsny? (1)

15.10.2 Bespreek die ironie van hierdie woorde. (1)

15.11 Lees reël 18 en 19.
Hoekom, dink jy, is die spreker se oë groot terwyl hy op Frederik fokus? Haal 'n frase aan wat jou antwoord motiveer. (2)

15.12 Motiveer waarom die volgende stelling ONWAAR is.
*Die spreker weet nie wat armoede is nie.* (1)

15.13 "Frederik hou my dop asof hy somme maak." (Reël 24)
Verduidelik wat deur Frederik se gedagtes gaan terwyl hy so na die spreker kyk. (1)

15.14 Dink jy dat Louw die anker wil red omdat hy sy pa se eiendom respekteer? Motiveer jou antwoord. (2)

**[25]**

## TOTAAL AFDELING B: [25]

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

***Mis* – Reza de Wet**

### VRAAG 16: *MIS* LITERÊRE OPSTEL

Miem en Gertie word dikwels as baie konserwatief beskou tog beeld hulle religieuse skynheiligheid uit.
Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

**OF**

### VRAAG 17: *MIS* KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS I**

| | |
|---|---|
| MEISIE: | Kyk Ma! Hier kom dit! |
| MIEM: | *(hard. Kyk op)* Wees versigtig. Dis al meer as twee dae! |
| | *MEISIE, MIEM en GERTIE hou die emmer dop. Dit sak baie stadig af tot op die vloer. Die emmer is vol slymerige bruin water. Aan die uitdrukking op almal se gesigte kan ’n mens aflei dat die inhoud baie sleg ruik. MEISIE gaan nader en met haar kop half weggedraai, begin sy die tou losmaak. GERTIE druk ’n sakdoek voor haar neus. MEISIE kry die knoop los. Die tou word vinnig opgetrek en die valdeur klap hard toe.* |
| MIEM: | Gaan maak dit tog leeg, my kind. En spoel dit goed uit. |
| KONSTABEL: | Laat ek help. |
| MEISIE: | Dankie. As dit vol is, is dit baie swaar. As jy een kant vat, dan vat ek die ander kant. |
| KONSTABEL: | Dis goed so. |
| MEISIE: | *(bly)* En as ons baie gesels, dan hoef ons nie die musiek te hoor nie. |
| | *Die KONSTABEL staan op. MEISIE neem sy arm en lei hom na die emmer. Sy sit sy hand op die handvatsel.* |
| MIEM: | Dit is gaaf van u, Konstabel. |
| | *MEISIE en die KONSTABEL beweeg met die slopemmer na die agterdeur. Van die inhoud spat uit.* |
| MIEM: | Meisie, sê vir die konstabel van die drie trappe op na die kleinhuisie. |
| MEISIE: | Ja, Ma. (*Maak die deur oop*) |
| | *Die sirkusmusiek kan gehoor word. MEISIE en die KONSTABEL na buite.* |
| MIEM: | *(trap versigtig oor die spatsel, gaan staan by die deur en* |

*kyk agterna)* En moenie op die flappe trap nie. Hulle word vanjaar so mooi. *(Sag aan GERTIE)* Die tweetjies kom nogal goed klaar.

17.1 Herlees reël 1.
Wat is *dit* waarna Miem verwys? Gee TWEE bewyse uit die drama hoe *dit* Meisie se lewe beïnvloed. (3)

17.2 Watter enkele woord in reël 12 suggereer 'n gemaklike, vriendskaplike verhouding tussen Meisie en Konstabel? (1)

17.3 Verduidelik waarom dit vir Meisie belangrik is om die sirkusmusiek (reël 15 en 16) nié te hoor nie. (2)

17.4 Lewer kritiese kommentaar of die effek van die herhaalde verwysings na sirkusmusiek in die drama geslaagd is. Motiveer jou antwoord met TWEE bewyse. (3)

17.5 Volgens reël 22 en 28 is Miem baie voorskriftelik.
Hoe sluit dié dialoog by die tema van die drama aan EN is dit geregverdig om te sê die tema is aktueel? (2)

17.6 Motiveer waarom dit korrek is om te glo dat hierdie vriendskap tussen MEISIE en KONSTABEL Miem se bevryding kan beteken. (2)

**EN**

**TEKS J**

*Terwyl MIEM en GERTIE verder praat, skraap MEISIE die bord uit. Die skaapkop en pootjies val hard in die emalje-emmer.*

GERTIE: *(na 'n stilte. Sag, terwyl sy na die tou kyk wat opgetrek word)* En hoe gaan dit daarbo?

MIEM: *(sug)* Dit gaan, Gertie. Dit gaan.

*Kort stilte terwyl MEISIE nog die bord uitskraap. Die valdeur klap toe.*

GERTIE: Aag, as vannag net eers verby is. Vir weke slaap ek al onrustig. Kry sulke aaklige drome.

MIEM: Werklik?

GERTIE: Ja!

MIEM: Soms is drome nie net drome nie ... soms ... is hulle ... voorspooksels!

GERTIE: Jy moet dit tog nie sê nie, Miem!

MIEM: Dit kan wees. O ja. Ek het 'n gevoel ... hoe sou ek nou sê ... *(klop met haar vuis teen haar bors)* 'n gevoel hier diep,

diep binne-in my. *(Onheilspellend)* Vannag sak die donker magte oor ons dorpie neer!

GERTIE: Wat 'n aakligheid! As daar iets gebeur, moet die kerkklok lui.

MIEM: Is dit waar?

GERTIE: Ja. Die wyksusters het vanmiddag vir almal laat weet. En dan moet ons ons kerk toe haas om daar bymekaar te kom.

*Daar is 'n harde klop aan die deur.*

MIEM: *(fluister waarskuwend)* Bly doodstil.

*MEISIE kom nader en staan bang agter haar ma se stoel. Daar is weer 'n klop.*

MIEM: Wie is dit?

KONSTABEL: Konstabel Van der Riet, Mevrou.

MIEM: Konstabel Van der Riet? Ek ken nie so 'n konstabel nie.

KONSTABEL: Ek weet, Mevrou. Ek kom van elders. Deel van die ontplooiide waakeenheid. En ek is hierheen gestuur. Julle bly so afgesonderd. Dit kan gevaarlik wees.

*MIEM, MEISIE en GERTIE kyk na mekaar.*

17.7 Die toneelaanwysings/neweteks in reël 2 gee inligting met betrekking tot die situasie waarin Miem en Meisie hulle bevind. Wat is hulle situasie? Gee die rede vir dié situasie. (2)

17.8 Is dit nodig vir Gertie om *sag* (reël 3) te praat? Motiveer jou antwoord. (1)

17.9 Herlees reël 4.
Wat bedoel Gertie met haar vraag? Waarom is Miem se antwoord so niksseggend? (2)

17.10 Gertie verwys na "vannag" (Reël 8).
Gee die datum van "vannag". Dui aan hoekom Gertie glad nie rede het om bang te wees nie en hoekom Meisie 'n moontlike slagoffer is. (3)

17.11 Bewys met TWEE voorbeelde uit die drama dat Miem se optrede deur die loop van die drama nié met haar woorde in reëls 15 tot 18 ooreenstem nie. (2)

17.12 Waarom is Konstabel se woorde (reël 32 en 33) ironies? (1)

17.13 Herlees reëls 26 tot 33.
Waarom slaag hierdie gedeelte as die motoriese moment van die drama? (1)

**[25]**

***Krismis Van Map Jacobs*** **– Adam Small**

**VRAAG 18: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* LITERÊRE OPSTEL**

Map Jacobs en Cavernelis is in die drama, *Krismis van Map Jacobs*, gevangenes van hulle omstandighede. Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

**OF**

**VRAAG 19: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS K**

MAP: Ek is nog ôrait, Ma ... ’is Map ... ’is Johnnie ...

*Sy kyk na hom, knik.*

MAP: Hoe gaan ’it moet Ma?

*Sy knik dat dit “goed gaan”.*

MAP: En moet Blanchie? Sy kom ook nie meer nie ... Ek wiet sy’t ook altyd skelm gekom, sonner lat haar mense wiet ...

*Antie Grootmeisie kyk na hom, vol ontsteltenis.*

MAP: ... maar ek verkwalik haar nie ... Die social worker het weer moet my gepraat, sy’s nogal vrinnelik ...

*Sy kyk na hom.*

MAP: Miss Africa ... ’n Mens kan nogal moet haar praat.

*Sy kyk vraend op.*

MAP: Miss Africa, Ma ... Ek sê, sy’s nogal vrinnelik ...

*Antie Grootmeisie knik.*

MAP: Sy sê parole is nou due vir my, ek kom yt op die sewende wat nou kom, annermaand ...

*Antie Grootmeisie kyk lewendig op*.

MAP: Annermaand!

*Sy knik opgewonde.*

MAP: Parole, Ma ...

*Sy knik weer.*

MAP: Ek is jammer, oor dit alles, Ma ... Ek het al gesê ... Ek het al vir Ma gesê, ek is jammer oor dit alles ... Ek het ge-change hierso in die tronk in. Ma wiet self. *(Driftig.)* Ek is jammer, maar Ma moet my glo, Ma móét my gló! Ek het ge-change hierso ...

*Sy skud haar kop hewig om te kenne te gee dat sy "glo".*

MAP: Ek is 'n ge-change-de man, ek ... het die Here Jesus gevind hierso, regtig, ek sal nie lieg nie ... Dink Ma ek lieg?!

| | |
|---|---|
| | *Sy knik "nee".* |
| MAP | *(sektaries):* Praise the Lord, Ma! Hy vát vir jou, Hy ... Hy vat vir jou, vuil net soes wat jy is, en dan maak hy vir jou silwerskoon, ... |

19.1 In watter ruimte vind hierdie gesprek plaas? (1)

19.2 Hoekom voeg Map in reël 1 die naam "Johnnie" by? (1)

19.3 Herlees reël 2 en 4.

Waarom praat Antie Grootmeisie nie met Map nie EN wat moet gebeur voordat Antie Grootmeisie weer sal praat? (2)

19.4 Blanchie het haar eie redes hoekom sy nie meer vir Map kom besoek nie. Bespreek een van hierdie redes en motiveer hoekom jy dink dat hierdie rede aanvaarbaar óf onaanvaarbaar is. (2)

19.5 Lees weer die kursiefgedrukte woorde in reël 8 en 18.

19.5.1 Wat is die funksie van dié reëls in hierdie gesprek? (1)

19.5.2 Hoe kommunikeer Antie Grootmeisie haar emosie aangaande Map se vrylating EN wat suggereer reël 18 oor die eerste deel van die gesprek? (2)

19.6 Oorweeg die karakters.

19.6.1 Watter rol speel die *social worker* asook Apostel George in Map se lewe? (2)

19.6.2 Watter ooreenstemmende raad kry Map by Miss Africa en Apostel George? (1)

19.7 Verduidelik hoe die woord "annermaand" (reël 17) by die drama se titel aansluit. (1)

**EN**

**TEKS L**

| | |
|---|---|
| MAP | (hard met haar): Sal jy ... sal jy stilbly! ... (Dan sagter.) Blanchie ... Blanchie ... *(Sy verslap in sy arms.)* Blanchie ... |
| BLANCHIE: | Johnnie ... |
| MAP: | Daar's ... niks wat ons kan doen nie ... Blanchie ... Dit ... moet nou so gebeur ... |
| BLANCHIE: | Daddy ... Ek weet ... ek ... *(Dan skielik, hard.)* Johnnie ... Wat het ... met ons gebeur ... Wat ... Ek ... is so ... sleg ... |

| | |
|---|---|
| MAP | *(sit sy hand op haar mond)*: Nee! ... Jy's ... goed ... |
| BLANCHIE: | Jy lieg ... Jy ... lieg, Johnnie ... lieg, lieg, lieg!!! |
| MAP | *(asof hy haar geskreeu nie hoor nie)*: Dis ek wat sleg is ... Dis ... ek ... Blanchie ... Wat het met ons gebeur ... *(Hy hou haar vas, stýf; sy hom. Hy lig sy oë op.)* Apostel George! Here! Ma! ... Blanchie ... Blanchie ... Wat het met ons ... gebeur ... |
| BLANCHIE: | Ek is so vuil, Johnnie … |
| MAP: | Jy is … mooi … |
| BLANCHIE | *(saggies):* Johnnie … Wat het … van ons geword ... *'n Lang stilte.* |
| MAP: | Alles … en niks … Blanchie ... |
| BLANCHIE | *(huil):* Johnnie … |
| MAP: | Alles … en niks … *(Hy huil en lag. Dan sy ook – huil en lag.)* Ek het vir jou … alles ge-vertel … Blanchie … voor Apostel George … voor die Here … en voor Ma … Daar is niks meer nie … |
| BLANCHIE: | Ek het vir jou … ook … ge-vertel … alles … Johnnie … *Hulle hou mekaar styf vás. Soen mekaar hartstogtelik. Die wind van die Kaapse Vlakte wááí, en blý waai, maar dan word dit ook die geluid van 'n trein wat deur die townships reis. En skielik 'n huilende sirene en remme van die trein wat staal op staal laat sing. Blanchie en Map weerloos teen die wind en die huilende trein – teen die gebeurtenis.* |
| MAP: | Blanchie ... |
| BLANCHIE: | O my ... God ... |
| MAP: | Dit ... moet nou so ... gebeur... Blanchie ... Dit moet nou ... so gebeur ... |

19.8 Beide Teks K en Teks L is deurspek met die gebruik van die ellips.

Bespreek die funksie van die ellips in reël 5 van TEKS K en reël 21 van TEKS L onderskeidelik. (2)

19.9 Map verwys in reël 11 en 12 na sy bendebedrywighede wat skeefgeloop het.

19.9.1 Watter karaktereienskap van Map het hom in sy posisie in die bende geplaas? (1)

19.9.2 Bespreek hoe hierdie karaktereienskap tot Map se tronkstraf gelei het. (2)

19.10 In reël 36 en 37 herhaal Map die woorde "Dit moet nou so gebeur."

19.10.1 Wat het met Blanchie se pa gebeur? (2)

19.10.2 Hoekom, volgens jou mening, het hierdie "gebeurtenis" plaasgevind? (1)

19.10.3 Gee 'n kritiese bespreking van die tema van die drama EN hoe Cavernelis se "ongeluk" by die tema aansluit. (2)

19.11 Watter ironie is daar in die uiteinde van Map en Cavernelis onderskeidelik? (1)

19.12 Het jy simpatie met Cavernelis? Motiveer jou antwoord. (1)

**[25]**

***My Japan* – Schalk Schoombie**

**VRAAG 20: *MY JAPAN* LITERÊRE OPSTEL**

Bespreek in 'n opstel van 400 tot 450 woorde die karakterisering van Ilse deur middel van ander karakters se siening van haar en haar eie handeling. **[25]**

**OF**

**VRAAG 21: *MY JAPAN* KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS M**

| | |
|---|---|
| MA: | Ag kom help vir Mamma! |
| ILSE: | *(mompel)* Kannie nou nie ... |
| MA: | *(tergend)* Luiaard, gaan kyk na die mier. Hy versamel in die somer vir die honger tyd wat kom. |
| ILSE: | Mmmmmmmmmm? |
| MA: | Danie! Waar's jy? Jou stouterd! |
| | *'n Seuntjie in kortbroek speel laggend tussen die lakens en klere, kruip weg vir die ma.* |
| | *Weerlig blits agter.* |
| MA: | Danie! Kom hier! As ek my sonde nie ontsien nie! Ilse, kan jy kom help om jou boetie se vuil hande van my wasgoed af te hou! |
| | *Links verskyn Matrone en Suster, albei in wit uniforms. Matrone deel gekleurde pille aan Suster uit. Die pille word in klein plastiekhouertjies op 'n trollie of skinkbord gepak.* |
| MATRONE: | Groen pilletjie. |
| SUSTER: | Groen pilletjie. |
| MATRONE: | Vir jaloesie. |
| SUSTER: | Vir die groen-oog monster. |

| | |
|---|---|
| | *Donderweer rammel in die verte. Die ma kyk gesteurd op.* |
| MA: | Ag nee! Kan jy glo? |
| ILSE: | *(in haar slaap)* Dit was 'n donker en stormagtige nag ... |
| MA: | Nou moet ek alles weer afhaal. Ilse, kom help my! |
| ILSE: | *(mompel)* Kannie nou nie! Besig met 'n spookstorie. |
| MATRONE: | Geel pilletjie. |
| SUSTER: | Geel pilletjie. |
| MATRONE: | Vir selfbeheersing. |
| SUSTER: | Vir knyp en vasbyt. |
| MA: | *(haal wasgoed haastig af)* Luiaard se liggie gaan dood in stikdonkerte. Ilse, gaan jy opstaan of nie! |
| ILSE: | *(rol rond)* Los my uit, los my! |
| MA: | Klein merrie! Die glas is halfvol, nie halfleeg nie. |
| | *Danie verdwyn laggend agter een van die lakens.* |
| ILSE: | *(sit regop, dromend)* Kyk, dis hy! Akashita, die monster wat in die swart wolk bokant die vloedhekke oprys! |

21.1 Is hierdie uittreksel die eksposisie, ontwikkelingsfase of krisisfase van die drama? Motiveer jou antwoord. (1)

21.2 Wie is Danie EN verduidelik hoe hy tot Ilse se innerlike konflik bydra. (2)

21.3 In hierdie uittreksel is daar verskeie tonele wat gelykertyd uitgebeeld word. Bespreek enige EEN toneel volledig. (2)

21.4 Wat suggereer die woorde "besig met 'n spookstorie" ten opsigte van Ilse? (Reël 24) (1)

21.5 Verklaar die gebruik van die ellips in reël 22. (1)

21.6 Watter stemming word deur die weersomstandighede geskep? Haal EEN woord uit die teks aan wat die gevolg van hierdie stemming voorspel. (2)

21.7 Herlees reël 34 en 35.

Beskryf TWEE kenmerke van wie of wat Akashita in die Japanese mitologie is EN lewer kommentaar op die funksionaliteit van die beeld binne die konteks van die gebeure rondom die uittreksel. (3)

**EN**

**TEKS N**

ILSE: Ek wil nie haar drome leef nie. Ek het my eie.

ENGELA: Mens raak maar eensaam, Ilse. 'n Westerling is *gaijin,* 'n vreemdeling wat nooit inpas nie. Ek's twee voet langer as almal om my. Eers was die kinders bang vir my, nou kan hulle nie ophou om aan my te vat nie!

ILSE: *(lag)* Ek sal nie omgee nie.

ENGELA: Hulle is behep met etiket.

ILSE: Soos?

*Elzette gaan af na regs.*

*Die groep agter vorm klein formele groepies en beeld uit waaroor Engela praat. Hulle gebruik wasgoed en lakens om klein tablo's te skep*.

ENGELA: Daar's subteks in alles, dinge wat nie gesê word nie. Jy kan nie jou eie eetstokkies regop in die taai rys staanmaak nie, behalwe by 'n begrafnis, want dit beteken iemand is dood. Als is formeel: daar's gedragskodes vir hoe jy jouself voorstel, hoe laag jy buig, wanneer jy nie buig nie. Jy gooi nie te veel sojasous in die bakkie as jy soesji eet nie, want dan kan jy die smaak van die soesji oorweldig en die sjef beledig.

ILSE: Engela, probeer jy my miskien afsit?

*Die skoolklok lui en die leerlinge verdaag.*

ENGELA: Ek wil net nie hê jy moet 'n prentjie van Japan in jou kop kry wat nie waar is nie.

ILSE: Jy maak my net meer vasberade om te gaan.

ENGELA: *(lag)* Ek was net so! Haai wag, ek moet gaan! Pas jou op.

ILSE: Skype jou weer.

*Engela gaan links af. Geluid van wind wat opsteek en die wasgoed aan die draad begin wapper – die effek word verkry deur die katrolle weerskante heen en weer te manipuleer.*

ILSE: *(tik op haar rekenaar)* Dit was 'n donker, stormagtige nag. 'n Winderige nag ...

21.8 Ilse kla net voor hierdie uittreksel by Engela oor iemand wat in haar pad staan om Japan toe te gaan en sê hierdie persoon se drome is nie hare nie. Wie is hierdie persoon EN wat is hierdie persoon se droom vir Ilse? (2)

21.9 Lees die eerste sin in reël 13 en 14. Hoe verbind hierdie woorde met Ilse se huidige omstandighede? (1)

21.10 Lees reëls 13 tot 19.

21.10.1 Watter sin in hierdie uittreksel dui op omstandighede waarmee Ilse reeds deeglik bekend is? (1)

21.10.2 Lees Ilse se opmerking in reël 24. Verduidelik waarom Engela se waarskuwing nie daarin slaag om Ilse af te skrik nie, maar haar net meer vasberade maak. (2)

21.11 Watter gebeurtenis ontlont die spanning tussen Ilse en haar ma? Bespreek die ironie wat hierin te vinde is. (2)

21.12 Bespreek hoe TEKS B by TEKS A aansluit EN watter emosie wat Ilse ervaar hierdeur beklemtoon word. (3)

21.13 Waarvoor gebruik Ilse *haar Japan?* Wat is jou mening oor haar metode om die lewe te oorleef? (2)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: [25]**

**GROOTTOTAAL: [80]**

© SACAI KOPIEREG